**CAMILLERI, JOSEPH A. EN JIM FALK: THE END OF SOVEREIGNTY. THE POLITICS OF A SHRINKING AND FRAGMENTING WORLD.** Edward Elgar, Aldershot, 1992.

Die strewe na 'n Verenigde State van Europa is die mees sigbare en interessantste voorbeeld van hoe die soewereine voortbestaan van state in die gedrang kom. Die wyse waarop lidlande van die Europese Unie alhoemeer magte aan die institusies van die Europese Unie oordra, laat die vraag ontstaan of die bestaan van die staat soos tradisioneel bekend, aan sy einde gekom het. Die wyse waarop ambisieuse streeksorganisasies in die Ooste, Noord Amerika, Latyns-Amerika, Oos- en Sentraal-Europa en selfs in die voormalige Sowjet-Unie gestig word, laat interessante vrae ontstaan. Daarom is hierdie 'n nuttige werk. Dit bied 'n uiteensetting van wat soewereiniteit in die teorie en praktyk beteken. Dit wys ook op die rol wat wêreld ekonomiese faktore, tegnologiese veranderinge, die sekuriteitskwessie en ook ekologiese oorweginge in hierdie verband speel.

'n Nuttige boek vir die Geskiedenisonderwyser wat sy leerlinge meer abstrak na dinge wil laat kyk en veral vir hulle wil prikkel om histories-gebaseerde toekomsprojeksies te maak.